

CACHET APTEEK

U Plus Aptek

TOMSTRAAT 92

Tel. 4201

Groot genoeg om u te dien, klein genoeg om u te ken

die WAPAD

IN U LIG SIEN ONS DIE LIG

AMPTELIKE STUDENTEKOERANT VAN DIE P.U. vir C.H.O.

JAARGANG XXXIV

NOMMER 13

18 MEI 1979

TOPS

Uitsig Deurloop
Tel. 21112

VIR: Rekenaars
Witjasse
Dissekteerstelle

Skoonheidsmiddels

Geskenke



Intervarsity (Onluste)?
(Foto: Frik Schoeman)

PUKKE KAN NOU YSSKAATS

Ysskaats vir studente, internasionale boksgevegte, 'n saal vir gimnastiekvertonings, karate en yshokkie het nou, na 'n lang stryd van vyftien maande, 'n werklikheid geword.

Die groot behoefte van studente vir behoorlike ontspanning sal, met die oprigting van die ysskaatsbaan in Potchefstroom, grootliks verlig word.

Daar word binnekort begin met die oprigting van die baan. Dit sal sowat R430 000 kos.

Daar sal onder meer geriewe wees wat geskik sal

wees vir groot en selfs internasionale boksgevegte. Volgens mnr. R. Luyt, die man agter alles, sal samesprekings in dié verband aangeknoop word.

Die kompleks sal ook 'n gimnastieksaal en kafeteria huisves en karate en yshokkie is nog twee sportsoorte wat daar beoefen sal word.

Wat die ysskaats self betref, het mnr. Luyt gesê dat die baan oor vier permanente instruktore sal beskik.

Die skaatsbaan sal in die omgewing van Fontein-, Goud-, Wilgen- en Tuinstraat opgerig word.

BRUINMENSE VERWELKOM NUWE BEDELING

Dr. Bergins meen dat die kleurlinge 'n hoë pylvlak in opvoeding bereik het, en dat hulle nie meer tevrede met 'n ondergeskikte posisie is nie. 'n Nuwe bedeling is dus dringend noodsaaklik, maar dit moet weldeur-dag wees, met gelyke regte, magte, maar ook pligte.

Donderdagaand, 10 Mei, het dr. Bergins, leier van die kleurlingarbeidersparty, 'n vergadering van Platform toegespeek.

Die nuwe bedeling hou verband met stemreg en dit is volgens dr. Bergins burgerreg. Vroeër wou die Afrikaner seggenskap hê oor landsgebeure en nou wil die bruinmense dit ook hê. Die nuwe bedeling gee aan hulle die geleentheid om medeseggenskap oor gemeenskaplike belange te hê. In die verlede is die pogings aangewend om medeseggenskap

te kry, maar namate die blanke meer stemreg gekry het, is dit van die bruinmense ontnem. Die paaie van die blankes en bruinmense loop in 1956 dan ook uiteen.

In 1959 is 'n uniale kleurlingraad ingestel. Dit is doodgebore. In 1969 is 'n verteenwoordigende kleurlingraad ingestel. Dit het ook 'n doodloopstraat bereik en aan die begin van dié jaar het hulle die afskaffing van die VKR bepleit.

Die voorstelle van die nuwe bedeling is nie die eind-ideaal nie, maar is 'n stap in die regte rigting en word deur die bruinmense verwelkom. Daarmee is hulle op die pad na vryheid en gelykheid. Dr. Bergins se gedagtes is dié van 'n toekomsvisie van gelyke burgers in S.A. Dit hang van die kleurling af of hy gaan stry vir die toepassing daarvan.

Dan is daar 'n belofte van volle en finale samewerking. Hier kry die bruinmense geleentheid om sake soos onderwys, behuising en arbeidskepping self te hanteer. Hulle sal ook seggenskap in die Raad van Kabinette asook in die Uitvoerende Raad kry. Die plig berus op die bruinmense om dit deur te voer en moet nie op ander afgeskuif word nie.

'n Belofte van gelykheid in die staatsdiens is in die voor-

uitsig gestel en persone sal op meriete aangestel, bevorder en beloon word.

Die bruinmense wil erkenning van hul menswaardigheid, gelykheid en geregtigheid hê. Hulle aanvaar dan ook verteenwoordiging in die kieskollege en volgens dr. Bergins moet die drie parlemente in alle opsigte gelyk wees en magsposisies moet gedeel word.

Dié bedeling is vir almal 'n groot aanpassing, maar waarskynlik die grootste vir die blankes. Dr. Bergins is van mening dat ons almal bereid moet wees om opofferings vir ons land te maak. Ten slotte het hy die hoop uitgespreek dat die toekomsbeeld weldra in vervulling sal gaan.

Dr. Bergins saam met lede van Platform. V.l.n.r. Josef Krüger, Siegfried Eiselen, Jeanne Botha en dr. Bergins.



• Voorbehoedmiddels

GERUGTE IS ONSIN

Gerugte dat die verkoop van voorbehoedmiddels aansienlik afneem tydens vakansies, wanneer die studente nie hier is nie, is na 'n ondersoek deur Die Wapad as onsin bewys.

"Daar steek geen waarheid in gerugte dat die verkoop van voorbehoedmiddels aansienlik afneem wanneer studente vakansie hou nie", het 'n apteker aan Die Wapad gesê.

Verskeie aptekers het erken dat die verkope van voorbehoedmiddels in Potchefstroom buitengewoon hoog is vir 'n plattelandse dorp. "Maar 'n mens kan dit verwag in 'n dorp met so baie jong mense en 'n weermagkamp," het een gesê.

"Dit is net logies dat die

verkope van alle winkels en goedere sal afneem tydens vakansies. Die storie dat die verkope van voorbehoedmiddels geweldig hoog is, is onsin", het 'n ander erken.

...SLIM IDEE...

...TOG...

...VERWONDER MENS JOU WAT GARD HULLE MET GEEIE REAKSIE DOEN... DIT SAL N "FUSE" IN DIE SISTEM BLAAS!

Rhodes se Poppies Grom

Dirk van Heerden

Wees bly dat ons trompoppies nie mag hoogskop nie en dat hulle streng beheer word. Eerder 'n trompoppie sonder skop as 'n hoogskoppende grompoppie.

Rhodes se trompoppies grom nou oor skinderstories van hul beweerde geuil en wilde partytjies, berig Rapport.

Die trompoppies sou tydens die Paasaweek, in Oos-Londen, onder meer vier kiste bier, vyf liter wyn en 'n kis sjampanje vir 'n partytjie gekoop het.

By 'n ander partytjie vroeër vanjaar, wat gehou is sodat die poppies mekaar beter kan leer ken, is een meisie na die hospitaal gebring nadat

vermoed was dat sy alkohol-vergiftiging opgedoen het.

By nog 'n partytjie gedurende die Paasaweek sou Rhodes se trompoppies 'n hotelsuite beskadig, glase gebreek en die plek in chaos agtergelaat het.

In 'n onderhoud met Rapport het mnr. Mike Halliday, een van die afrigters, vertel van die partytjies, maar beklemtoon dat dit geensins orgies was nie.

'n Mens sou veel eerder, as mense daarom sou vra, wou verduidelik hoekom jou trompoppies nie mag hoogskop nie en hoekom hulle so "preuts" is as om te moet verduidelik hoekom hulle so drink en partytjies hou.

TEVERGEEFSE PLEIDOOI VIR MAHLANGU BEGENADIGING

Wits se studenteraad was die eerste Suid-Afrikaanse liggaam om vir die begenadiging van die Gochstraat terroris, Solomon Mahlangu, te pleit.

In 'n berig in Wits Student van 10 April 1979 word die gebeure rondom Gochstraat op 13 Junie 1977 wat tot Mahlangu se teregstelling op 6 April 1979 gelei het, uiteengesit.

Dit kom kortliks daarop neer dat Mahlangu, Monty Motloung en Lucky Mahlangu (geen verwantskap) deur Johannesburg moes gaan op dié betrokke dag na Soweto toe. Al drie mans het voorheen ANC opleiding ondergaan na die Soweto opstande van 1976. Die drie mans was gewapen. Toe hulle deur 'n swart polisieman voorgekeer is, het hulle in Gochstraat afgevlug, en in 'n pakhuis skuiling gesoek. Motloung het paniekerig geraak en op die mense wat in die pakhuis was, begin skiet. Twee mans is noodlottig getref terwyl twee ander gewond is.

Solomon Mahlangu het egter nie aan die skietery deelgeneem nie. Hy het vir Motloung gewag, maar is in hegtenis geneem voor hy kon ontsnap. Motloung is wreed aangerand en oor die kop geslaan met die gevolg dat hy later ongeskik verklaar is om in die hof te verskyn en aangekla te word. Hy is tans

in die Staatspresidentsaal in 'n gestig vir geestelik versteurdes.

Intussen het Lucky Mahlangu daarin geslaag om die land te verlaat. Gevolglik was Solomon die enigste een wat aangekla en verhoor is.

Die Staat het uitspraak gelewer dat ten spyte van Solomon Mahlangu se onskuld ten opsigte van die moorde gepleeg, hy 'n medeplichtige was en gevolglik net so skuldig soos Motloung is. Die regter het Mahlangu skuldig bevind op onder andere twee aanklagte van moord, twee pogings tot moord, aanklagte volgens die wet op terrorisme en binne-landse veiligheid.

Tydens 'n biduur wat op Vrydag 6 April in die stamp-

vol Great Hall op die Witskampus gehou is, het Glenn Mass, 'n voormalige Wits SR voorsitter gesê dat die tragedie van Solomon Mahlangu se teregstelling 'n tragedie van 'n hele gemeenskap was, wat so deur konflik gery word dat mense dit nodig vind om Suid-Afrika te verlaat en terug te kom om te veg.

Biskop Desmond Tutu, algemene sekretaris van die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke, wat die gebed tydens die byeenkoms gelei het, het in sy toespraak opgemerk dat Mahlangu se teregstelling net tot die intensivering van die reeds bestaande spanning en onvriendelik rasse verhoudings in Suid-Afrika kan lei. Benewens die amptelike

studenteraadversoekskrif om Mahlangu se begenadiging aan die Staatspresident, is daar ook op Donderdag 5 April handtekeninge op die kampus bymekaargemaak vir 'n petisie om vir Mahlangu se begenadiging te pleit. Die petisie is in samewerking met die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke georganiseer.

In die hoofartikel stel die redakteur dit dat Mahlangu se dood van hom 'n martelaar gemaak het vir die mense wat teen onderdrukking veg. 6 April het weer eens 'n datum geword om te onthou - dié keer saam met datums soos 16 Junie, 19 Oktober en 21 Maart.

(Berig: Wits Student 10 April 1979)

• TUKS

TUKS HOU JOOL

Kommentaar deur die interuniversitêre redaksie.)

Noem dit karnaval, noem dit jool: lekker was nog nooit sleg nie!

Jool op Tukkies is anders en tog ook anders in baie opsigte as die PU-Karnaval. Die vlotbouery by die verskillende koshuise het maar net soos vlotbou op die PU gelyk... 'n paar bedrywige kunsstudente, argitektuur- en boukundestudente het hulle poot-uit gewerk, terwyl die res van die studente pannekoek gebak, tafeltennis gespeel en (openlik) rondgedans het in die koshuisskamer, op die stoepe en om die vlot. Vrydagnag moes daar ook maar deurnag geswoeg word om die vlotte afgewerk, rybaar en werkend vir Saterdagoggend se optog te kry.

Die vlotte was puik. Meganiese truuks het dele van die vlotte op en af en heen en weer en al in die rondte laat beweeg tot groot plesier van die duisende toekouers wat langs die strate (vanaf die kampus tot by Kerkplein) saamgepak het en baie gewillig - soms ook maar vrywillig verplig - die sak moes skud om van die lawaaiige snaaks-geklede studente ontslae te raak.

'n Joolplaas waar 'n bier- en wyntuin was, is swak deur die studente ondersteun. Hulle kon teen spesiale prys ingaan en goedkoop kos koop. Spesiale programme soos Des en Dawn, die kroning van die joolkoningin en haar prinsesse is aangebied asook party van die kompetisies soos bierbliktoringbou en boksevegte.

Die Perdeby van 6 April 1979, berig dat dele van die joolplaas gedurende die joolweek afgebreek of deels vernietig is: "klaarblyklik knak Tukkies onder hul losse gees, sodat grootse projekte, soos die liefdadigheidspeging en 'n sin vir verantwoordelike daardigheid daaronder ly."

Des en Dawn se optrede was baie teleurstellend. Aangesien hulle klaarblyklik weier om voor 'n gehoor, kleiner as 'n duisend, op te tree, het hulle hul program met meer as 'n uur verkort. 'n Joolkomiteelid is deur die leier van die groep met onweloweglike taal en dreig-

mente van hardhandige optrede aangespreek toe dié lid gaan navraag doen het oor die verkorte program.

Die bier- en wyntuin met die voortdurende bokjool en oempa-orke was van die grootste suksesse van die jool.

• IKEYS

Studenteraadslid in hegtenis geneem

'N Studenteraadslid van die Universiteit van Kaapstad, en voorsitter van die CSA (Conservative Student Alliance), die 22-jarige Brian Hack, is in Kaapstad in hegtenis geneem in verband met die skietery op mnr. Colin Eglis, leier van die amptelike opposisie, se woonstel. Op 18 April toe die saak vir die tweede keer in die Kaapstadse landdroshof voor-

gekomm het, is meneer Hack en sy mede-beskuldigde, mnr. Van der Westhuizen elk op 'n borgtog van honderd rand vrygelaat. Die saak is tot 26 Mei vanjaar uitgestel. Onbevestigde berigte lui dat mnr. Hack onder die invloed van drank was toe die skiet-voorval plaasgevind het.

(Berig: Rapport 15 April 1979)

• Akademie-se Raad



Mnr. Gert Coetzer, nuwe voorsitter van die Fakulteitskomitee Natuurwetenskappe.

• Kultuurraad



Mnr. Mario Smith, pas verkose ondervoorsitter van Kultuurraad. Mnr. Smith, tweedeklas B.Sc.-student van Over-de-Voor, wat verlede jaar op Kultuurraad benoem is om met die organisering van aksies te help. Volgens mnr. Smith is Kultuurraad se eerste prioriteit om interne sake rakende die oordraging van die bestuur te skik. Daarna sal voortgegaan word met die uitvoering van Kultuurraad se jaarbeplanning.

Mode-Bewuste Dames

Antonio, van Maison Hazelette, (Tel 5570, oorkant Checkers) is pas terug van 'n kursus in die

Nuutste 'Haarsny en Kartelings metodes.

Kom vra vir Antonio vir die allernuutste voorkoms teen

Spesiale Studente Pryse

Maties kry Rektor

Prof. Mike de Vries, vise-rektor van die Universiteit van Stellenbosch, is onlangs met 'n groot meerderheid deur die Universiteitsraad tot rektor verkies. Prof. De Vries volg prof. Jannie de Villiers op wat vanweë gesondheidsredes uittree.

Prof. De Vries en prof. A.B. de Villiers, was die enigste twee kandidate nadat prof. Wynand Mouton, rektor van die Universiteit van die Oranje Vrystaat, hom onttrek het.

In 1976 het prof. De Vries vise-rektor geword toe hy prof. Mouton opgevolg het. Hy aanvaar sy ampstermyn met ingang van Julie 1979 vir 'n tydperk van vyf jaar.

hotel elgro — hotel elgro — hotel elgro — hotel elgro — hotel elgro — hotel

kontiki

steakhouse — braairestaurant

12 - 2 nm daaglik — 5.30 - 10 nm weekdae — 5.30 - 8 nm Sondag

aquarius

dameskroeg — ladies bar 5 nm - 1 vm — 5 pm - 1 am



ten volle gelisensieer
fully licensed

hotel elgro — hotel elgro — hotel elgro — hotel elgro — hotel elgro — hotel

ETE VOORSTEL ONDERSOEK

'n Voorstel om Sondagoggend- en aandetes nie in die eetsale te eet nie, is onlangs op 'n Koshuis-raadsvergadering ingedien.

Die voorstel het gespruit uit voornemens om alle aandetes kafeteria-styl te bedien en sodoende die werksure van die koshuispersoneel te verkort. Dit is egter ter wille van aandagdiens afgekeur, maar as kompromis is voorgestel dat daar op Sondagoggende en -aandegs versnaperinge verskaf word.

Die voorstel is egter nog nie gefinaliseer nie. Mnr. D.P. Coetzee, nuwe hoof van koshuisadministrasie, het reeds die voorstel aan die koshuisbeheer Komitee voorgelê en hy is van mening dat 'n kommissie benoem sal word om die saak deeglik te ondersoek.

Volgens mnr. Gert Breed, voorsitter van Koshuisraad, stel die verkorte werksure die personeel in staat om kerkdienste by te woon. Die voordele word egter nog in die skadu gestel deur praktiese probleme in die uitvoerbaar-

heid van die voorstel. Probleme soos die vergroting van die koshuispersoneel om die versnaperinge na die verskeie punte te neem, beperkte verskeidenheid versnaperinge wat verskaf kan word asook die hoeveelheid versnaperinge om voor te berei, sal ondersoek word.

Die voorstel het 'n goeie reaksie van die kant van die koshuispersoneel uitgelok. Alhoewel die matrones meen dat dit nie die hoeveelheid werk veel sal verminder nie, sien hulle daarna uit om minder werksure te hê. Selfs die personeel wat aan diens is, sal nou kerk toe kan gaan.

Weinig studente eet Sondagoggende in die eetsale. Veral die dames staan neutraal teenoor hierdie voorstel, maar indien die reëling aanvaar word, verwag hulle om nie die volle bedrag vir die etes te betaal nie. Die mans dink egter meer aan hul mae. Uit ondervinding het die hoofmatrone van die Skuureetsaal dié probleem omvat met die woorde: "...maar vir hoe lank sal die mans met hierdie reëling tevrede wees ..."



Op aandag vir die Alma Mater staan v.l.n.r. Spikkels Ferreira (Hoofdirigent, PU), Magdel van der Walt (SSR-lid, PU), Sandra Kruger (sjampanjenooi, PU), Razzanne Louveninck (sjampanjenooi, RAU), Jeanette Uys (SSR-lid, RAU), Jan Erasmus (Hoofdirigent, RAU).

SACLA HOU BYEENKOMS

Christene van alle kerke, volke en kleure is welkom by 'n byeenkoms wat dien as voorloper vir die groot SACLA-konferensie op Sondag 20 Mei om 15h00 in die Totuis-saal.

Die tema is „Versoening Vandag” en sal behandel word aan die hand van die volgende hoofpunte:

- Bybelse perspektiewe op versoening
 - SACLA as instrument van versoening
 - Persoonlike getuigenis van God se versoening
- Die tema sluit sterk aan by die sentrale tema van SACLA, naamlik getuigenis.

Die doel is dieselfde as dié van die SACLA-konferensie wat van 8 tot 15 Julie op die Pretoriase skougronde plaasvind, naamlik om saam te ontdek wat dit beteken om vandag getroue getuies te wees van Jesus Christus as Koning in Suid-Afrika.

Dr. Piet Meiring, 'n NG predikant van Pretoria en skrywer van onder andere "Die swart kerk" en "Die kerk op pad na 2000" sal saam met mnr. Bill Houston, voorsitter van die Student Christian Association (Engelse studente) en mnr. Moshe Rajule, reisende sekretaris van die Student Christian Movement (swart studente) optree.

Prof. Elaine Botha sal die voorsitter wees.

Twee kore, dié van die NG

Kerk Ikageng en 'n klein koor van die PU onder leiding van Awie van Wyk sal ook optree.

Kuier beboet

'n Dorpstudent, mej. Marcel Bezuidenhout, het Vrydag-aand 4 Mei 'n parkeerkaartjie gekry omdat sy in die parkeerruimte voor Klawerhof stilgehou het.

Mej. Bezuidenhout, 'n tweedejaar H.O.D.-student, sê sy het Vrydag-aand voor Klawerhof stilgehou om vir 'n vriendin te gaan kuier. Toe sy na 'n halfuur weer by haar motor kom, het sy 'n verkeerskaartjie met 'n boete van R10 gevind.

Sy het by Kampussekuriteit gaan navraag doen oor die boete. Daar is aan haar gesê dat as sy saans by 'n vriendin gaan kuier, sy haar motor slegs mag parkeer op die parkeerruimte wat deur haar parkeerskyfie aangedui word. Mej. Bezuidenhout kon aan die begin van die jaar slegs 'n O-parkeerskyfie bekom. Hiervolgens is sy verplig om snags alleen oor die kampus te loop ná sy by haar vriendin gekuier het.

Ook is daar aan haar gesê dieselfde geld as sy 'n vriendin wil oplaai vir die naweek. Hulle moet dan met die tasse oor die kampus stap om dit in die motor te laai. Mej. Bezuidenhout wonder of

Kampussekuriteit nie ander reëlings kan tref om studente tegemoet te kom nie.

Uit navrae by Kampussekuriteit blyk dat geen boetes vir parkering na half-

vyf uitgereik word nie, behalwe aan ongemagtigde persone wat van personeel-parkeerruimtes gebruik maak. Daar is voor feitlik elke koshuis ruimte vir besoekers-parkering.

BEL MET JOU PROBLEME

Die Instituut vir Sielkundige en Opvoedkundige Dienste en Navorsing het 'n lys nommers vrygestel waarheen studente kan bel indien vakkundige advies oor persoonlike probleme verlang word.

Die instituut beklemtoon egter dat dit slegs 'n nooddiens is. Gedurende kantoorure kan studente hulle aanmeld by kamer 226, OPS-gebou, Hoffmanstraat, of hulle kan 7497 of uitbreiding 527 skakel.

Die telefoonnommers wat na-uurs geskakel kan word, is die volgende:

Maandae: Mnr. C. A. Venter 23711
Dinsdae: Mnr. P.J. Mouton 8559
Woensdae: Mev. R. Badenhorst 8680
Donderdae: Mnr. H.J. van der Merwe 21422; Prof. P.E. van Jaarsveld 7078
Vrydae: Mnr. W.F. du Plessis 21750
Saterdag: Mnr. M.S. Ferreira 5016
Sondae: Mev. J. Rijke 24962; Prof. P.E. van Jaarsveld 7078.
Indien daar geen antwoord is by 'n nommer nie, moet die volgende nommer op die lys geskakel word.

● Politieke Raad

Thabe praat oor Gemeenskapsrade

Daar bestaan nog heelwat probleme in verband met die gemeenskapsrade, het mnr. George Thabe gesê toe hy op Maandag, 9 Maart, in die senaatsaal oor dié onderwerp gepraat het.

Mnr. Thabe het die agtergrond van die administrasie van die stedelike Bantoe geskets. Tot 1923 was daar geen wet in verband met die administrasie van die stedelike Bantoe nie. In 1923 word wetgewing deurgevoer waarin die stedelike swarte 'n adviserende Raad kry wat hul behoeftes en daaglikse benodighede moet behartig en bevredig. Die raad het

egter geen magte gehad nie.

In 1976 het mnr. M.C. Botha, minister van Bantoe Administrasie, besluit dat die stedelike Bantoe meer van sy eie lewe moet reël, as gevolg van die staking en ineenstorting van die gesag tydens onluste.

Volgens die Wet van Gemeenskapsrade van 1977 kan die stedelike Bantoe nou sy eie dorpsregering, paaie, elektrisiteit en huur reël. Die raad het nogtans die goedkeuring van die minister nodig gehad in sake. Mnr. Thabe het voorts gepraat oor die verskil tussen die admi-

nistratiewe raad en die gemeenskapsrade. Hy het op daardie oomblik gesê dat daar nie soepel samewerking tussen die twee rade is nie.

Daar is geen skakeling onderling tussen die gemeenskapsrade nie, ook nie skakeling tussen die Administratiewe Rade en die munisipaliteite van blanke dorpsgebiede nie. Die gemeenskapsrade kan wel skakel met munisipaliteite om kosteverlagings mee te bring. Mnr. Thaba het gesê as gevolg van gebrek aan onderlinge skakeling, het die Gemeenskapsraad van Vaaldriehoek en Soweto nie veel ooghare vir mekaar nie.

Kom vergelyk ons pryse en kwotasies

SPARNO VIR PRYSE

Sport-T-hemde, klein hoeveelhede
Tennisballe R8,10 per doos
Nuwe PUK-T-hemde R3,15 stuk
Rugbyskoene alle fabrikate
Sweetpakke

Retiefstraat 44 - Tel. 5513



Nuut op die Bult Tel. 8071

Guys & Dolls-haarsalon tot u diens! Ons bied spesiale pryse aan alle mans- en damestudente vir die sny en droogblaas van kapsels, en wat meer is, ons is kunstenaars op die gebied van sny volgens gesiglyne. Verlang u 'n perm, kan ons u die volgende aanbied teen sub-ekonomiese pryse:

MINI VOGUE vir slegs R11,40
NATURAL STYLE en STYLE FORM R15,70
'n Bietjie duurder, maar tog so elegant, is Perfect Touch, Design, Stag, Coiling en Piggy Back-perms.

En onthou tog, die sny by 'n perm is heeltemal gratis! Vir spesiale geleenthede, of as u sommer lus voel om bietjie anders te lyk, kom sien ons oor 'n set, of 'n tint, of albei - watwou!

GUYS & DOLLS Tel. 8071



STUDIETYD IS HIER!

Die Junie-eksamen begin oor sowat twee weke. Die akademiese sy van die universiteit bly die belangrikste deel van 'n universiteit en word met reg dan ook in hierdie tyd baie beklemtoon.

Die akademiese standaard van die PU het die afgelope jare verhoog - dit is verblydend. Die studente kan baie doen om die kern van die universiteit verder te verbeter - deur hulle beste te lewer. Dit sal meebring dat die hoër standaard as realisties bewys word, aangesien standaard nie deur die graad van moeilikheid of maklikheid van vraestelle bepaal word nie, maar deur die hoeveelheid kennis van die studente.

Dit is ook die eerste keer dat die semesterstelsel in baie vakke toegepas word en eintlik uitprobeer word. Die Junie-eksamen bied 'n goeie geleentheid om dié stelsel wat net voordele aan studente bied, as 'n stap in die regte rigting te bewys. Hoewel dit nie nodig behoort te wees om studente te vra om meer in te sit voor 'n eksamen nie, moet 'n mens dit tog weer doen as waarskuwing aan dié studente wat nog nie begin het nie: werp alles in die stryd om 'n goeie belegging vir die belastingbetaler te verseker.

Die Wapad sal eers ná die eksamen weer verskyn - die redaksie gaan nou ook alle moontlike aandag aan die akademiese wy - en sal D.V. weer op 22 Junie 'n uitgawe op straat hê.

STUDENTE BEVOORDEEL

'n Hele reeks studentevoordele het die afgelope tyd bekend geword. Die besluit van die Potchefstroomse Stadsraad om voort te gaan met die ysskaatsbaan word baie verwelkom. Dis meesal net jongmense wat ysskaats. Dié stap van die Stadsraad sal hopelik daartoe lei dat die verhouding met die studente ook sal verbeter, veral as 'n mens gaan kyk wat dié grapple die Stadsraad gaan kos. Die probleme wat daar vroeër was oor die plek waar die skaatsbane gebou moes word, het 'n suur smakle in die mond gelaat, maar is gelukkig nou ook skynbaar uitgestryk.

Die gewone dienste en noodtelefoondiens van die Sielkundige en Opvoedkundige Instituut sal die student met sy probleme, wat in die huidige tydsgewrig al hoe kompleks word, help.

Die tandheelkundige diens, saamryklub en dienste by Pat's Harolds en ander kan net waardeer word, veral in die geldskaarsteyte wat die student deeglik voel.

Die moontlike afskaffing van oggend- en aandetes in die koshuise en die voorsit van versnaperinge in die plek daarvan mag met die eerste oogopslag nie na bevoordeling van die student lyk nie. Die motief daaragter behoort egter elke student twee keer te laat dink: dié stap sal meebring dat die kombulspersoneel ook meer dikwels in die kerk kan kom, iets wat op 'n christelike universiteit prioriteit behoort te geniet.

Bultendien word die oggendetes swak bygewoon en is die middagetes so volledig dat niemand veel behoefte aan aandete het nie.

INTERVARSITY IETS GROOTS

Nog 'n naweek het sy Intervarsity gesien, en dit is een wat onthou sal word want daar is met groot verwagting na die eerste span gekyk. Hoewel hulle toe nie gewen het nie, was die vertoning wat gelewer is iets om na te kyk en te geniet. Die drieë wat nie gedruk is nie, het nie die pragspel deur die PU-span, laat ondergaan nie. Deurgaans is goeie spel gelewer en het hulle bewys dat die Puk-rugby beslis nie meer in die modder lê nie. Net nog 'n bietjie water om die laaste spatsels af te was is nodig. Die goeie gees wat op die pawiljoen geheers het, lewer bewys dat die massa viervoetig agter die eerste span staan.

Behalwe vir uitsonderlike gevalle van wangedrag, wat in elk geval in die meeste samelewingsverbande nie ontbreek nie (net jammer dat die PU ook sulkes moet hê) was die gees iets groots om deel van te kon wees. Die PU-krete wat oor Johannesburg weergalm het, het dié van RAU in 'n klankskadu gestel. - TK.



Die Wapad publiseer vandeeweeke 'n lys van nommers, wat na-uurs geskakel kan word indien vakkundige advies oor 'n persoonlike probleem, wat nie tot die volgende dag kan wag nie, verlang word.

DIE AFRIKANER EN CHRISTELIKE WETENSKAP

- C.J. van Rensburg -

'n Oorweldigende positiewe gevoel ten opsigte van die onderrig in christelike wetenskap het duidelik geblyk uit 'n meningsopname wat onder 600 derdejaars op die Potchefstroomse Universiteit gemaak is.

Daar is besluit om die opname tot derdejaars te beperk aangesien hulle al 'n mening kon vorm vanuit persoonlike ondervinding met alle aspekte van die saak. Christelik - wetenskaplike onderrig veronderstel natuurlik ook beoefening van christelike wetenskap vanaf die kant van die student. Daar is probeer om die kennis van die student oor WAT christelik-wetenskaplike onderrig is, asook om die studente se gevoel teenoor die idee, te toets.

Ongeveer 60% van die groep het gesê dat die idee van christelike Wetenskaps-onderrig hulle definitief beïnvloed het om na die PU te kom. Dit is 'n verbasende persentasie as in ag geneem word dat dié idee redelik onbekend moet wees vir iemand wat buite die universiteit staan. Verder het slegs sowat 32% gevoel dat 'n universiteit hom lewens nie openlik as christelik moet verklaar nie, maar dat diegene wat wil dan christelike wetenskap beoefen. 'n Ander 79% het hulle uitgespreek teen die gedagte dat die staat die karakter van 'n universiteit sou kon bepaal.

'n Universiteit kan as christelik beskou word as sy mense hulself openlik verklaar as gebonde aan die beginsels van die Bybel in elke lewensfasie; so het twee derdes van die groep gevoel. Dit impliseer meer as 'n mening; dit is ook 'n ideaal waaraan die universiteit gemeet en waarna gestreef kan word.

Soos uit drie van die vrae geblyk het, is daar 'n tendens in die groep om die verantwoordelijkheid vir die beoefening van christelike wetenskap aan die dosente oor te dra. Tog het verreweg die meeste studente in 'n oopkommentaar vraag aangedul dat christelike wetenskaps-onderrig nie slegs eenrigting verkeer veronderstel nie, maar ook 'n praktiese toepassing van dit wat die dosent aan hom oordra.

Die negatiewe kant moet daar natuurlik ook wees;

39% van die groep het gevoel dat christelike wetenskap 'n goeie idee is, maar nie prakties uitvoerbaar nie.

Daar kan verskeie afleidings hieruit gemaak word; die studente kan moedeloos voel omdat die ideaal nooit bereik kan word nie, of omdat die sogenaamde neutrale wetenskap 'n soveel makliker alternatief lyk.

Hierteenoor het slegs 13% gevoel dat christelike wetenskap die student 'n vernoude visie van die wetenskap gee. Verder het amper 20% erken dat hulle negatief staan teenoor christelike wetenskapsbeoefening. Of die negatiewe houding uit onkunde spruit, kan nie gesê word nie, dit is egter 'n redelike hoë persentasie veral as in ag geneem word dat dit 'n derdejaarsgroep is.

dejaarsgroep is.

Die beperkings van die tipe vrae is natuurlik baie, veral ten opsigte van so 'n moeilike onderwerp. Dit gee egter 'n oorkoepelende beeld van die algemene rigting waarin die studente dink. Alhoewel die resultate in die algemeen positief is, is daar tog 'n negatiewe element wat miskien te groot is. In die kommentaarvraag oor wat die student onder christelike wetenskaps-onderrig verstaan, was 25% van die antwoorde oppervlakkig en niksseggend. Sommige studente het 'n goeie definisie gegee en dit kan bevraagteken, of geheel en al negatief daarop gereageer. Dit maak 30% van die totaal uit, en dit is genoeg om 'n mens tot nadenke te stem.

Uit die Woord

INSIG IN DIE EVANGELIE

"En by wie op die goeie grond gesaai is - dit is hy wat die woord hoor en verstaan, wat dan ook vrug dra en oplewer; die een honderd, die ander sestig-, die ander dertigvoudig". Matt. 13:23.

Dat die God van onse Here Jesus Christus, die Vader van die heerlijkheid, aan julle die Gees van wysheid en openbaring in kennis van Hom mag gee, verligte oë van julle verstand, sodat julle kan weet wat die hoop van sy roeping en wat die rykdom van die heerlijkheid van sy erfdeel onder die heiliges is. Ef. 1:17,18.

Dit is een van die mees verbysterende en smartlike feite dat die Evangelie so verskillend uitgelê en verkondig word. Dikwels is die uitleg van die evangelie in werklikheid 'n inleg van ons eie gedagtes en wense, en ons word 'n verkeerde begrip te verstande gegee. Hierdie droewige verskynsel het nie maar eers ná die hemelvaart van Jesus sy kop uitgesteek nie - alreeds tydens Sy aardse omwentelinge word telkens gesê dat die volk en selfs Sy dissipels nie verstaan het nie. Hierin is trouens die profesie van Jesaja vervul, naamlik dat hulle "kyk en kyk, en nie sien nie; en hoor en hoor, en nie verstaan nie."

En nou die dringende vraag: Hoe kan ons nou sê dat ons regte insig in die

Evangelie het? Waaruit sal dit blyk dat ons die evangelie reg verstaan? Jesus gebruik die gelykenis van die saaier om dit vir ons duidelik te maak. Die saaier gebruik oral die regte goeie saad. Die saad kan dus nie die oorsaak wees dat daar telkens geen goeie oes kom nie. Sodra daar in goed voorbereide grond gesaai word, lewer dit wel vrug op. Hieraan sal ek dus kan toets of ek die evangelie reg verstaan: aan die vrug wat ek dra. As ek nie die vrug van bekering en lewensvernuwing dra nie, as daar nie die geloof en liefde in my lewe opbloeit nie, het ek die evangelie misverstaan. Om suiwer insig in die evangelie te hê beteken nie noodwendig dat ek "geleerd" oor die evangelie kan redeneer nie, maar dat ek vrug dra.

Sonder die leiding van die Heilige Gees sal ons die suiwer insig altyd mis. Daarom bid Paulus dat God aan die gemeente van Efese die Gees van wysheid en openbaring mag gee sodat hulle die wil van God reg mag ken en verligte verstand mag hê om te weet tot watter hoop Hy hulle roep, hoe ryk hulle heerlike erfdeel saam met al die heiliges is en hoe geweldig Sy krag is in die lewe van diegene wat werklik glo. Die suiwer insig is dus die insig wat die Heilige Gees deur die Heilige Skrif gee.

LEES: Ef. 1:15-23

deur Fanie Grobler

Die aanvaarding van die voorstelle van die Wiehahn-kommissie deur die regering, is 'n dinamiese stap in die rigting van uit-skakeling van diskriminatoire wetgewing in Suid-Afrika. Na die onlangse staking van blanke mynwerkers, het daar twyfel ontstaan of die regering sal voortgaan met uit-skakeling van diskriminasie op arbeidsvlak, soos deur die kommissie aanbeveel; nou lyk dit wel so.

Sommige van die belangrikste aanbevelings is die afskaffing van werkreserwing, oopstelling van vakbonde en die verlening van bevoegdheid aan enige persoon wat oor die nodige kwalifikasies beskik om hom in Suid-Afrika in te skryf as vakleerling. 'n Belangrike punt wat deur die kommissie beklemtoon is, is dat reëlins soos afsonderlike geriewe, deur die betrokke werkgewer en werknemers self bespreek moet word en tot onderlinge ooreenkoms gekom moet word. Dit is nie vir die staat nodig om sulke sake deur wetgewing te reël nie.


Die voorstelle is egter nie oral met ewe groot entoesiasme ontvang nie. Mnr. Wessel Bornman, algemene sekretaris van die Suid-Afrikaanse Konfederasie van Arbeid, het die voorstelle in geheel verwerp, en gedreig dat aanvaarding daarvan deur die regering, tot die verbreking van arbeidsvrede kan lei. Hy is ook sekretaris van die SA Yster, Staal en Verwante Nywerhede Unie, wat 38 000 blanke lede het. Of sy dreigement egter uitgevoer sal word, is 'n ander vraag, veral as gekyk word na die onlangse mislukte mynwerkerstaking.

In Die Wapad van 23 Maart 1979, het ek alreeds in 'n artikel die voordele en noodsaaklikheid van die afskaffing van werkreserwing uiteengesit. Daarom wil ek hier volstaan deur te wys op die drie hoofvoordele wat dit inhou, nl:

- Dit sal produktiwiteit opstoot, en veral in die ekonomiese opbloei wat verwag word, sal die swartman nou sy plek as arbeider kan volstaan.
- 'n Growwe vorm van diskriminasie as gevolg van velkleur en ras sal verdwyn.
- Dit sal beroepsarbeid in SA op 'n meer eties verantwoordelike grondslag plaas.

Die aanneming van die voorstelle deur die regering, kan gesien word as 'n dinamiese eerste tree op 'n nuwe koers wat Suid-Afrika gaan inslaan. Die regering het ook bewys dat hy nie volkome lamgelê is deur die Inligtingskandaal nie, maar dat hy besig is om op te staan uit die asse. Daarom moet die regering ook nie luiwer om streng op te tree teen blanke vakbonde wat onrus en tweedrag wil saai in die arbeidswêreld nie.

Hierdie artikel is deur Politiese Perspektief versorg. Dit is 'n publikasiekomitee van die Politiese Raad van die PU vir CHO maar weerspieël nie noodwendig die standpunte van die Politiese Raad nie.



UIT

NO.

13

TROTS HANDHAAF NIE IDENTITEIT NIE

Geagte Redakteur,

Aangesien ek 'n Afrikaner (met 'n hoofletter) is, wil ek graag vir Estelle Oosthuizen antwoord op haar brief "trots handhaaf identiteit" in die vorige uitgawe van Die Wapad. My eerste reaksie nadat ek die uitgawe gelees het, was smoor kwaad. Aangesien dit oncalvinisties is (mens moet jou hument betoel); het ek maar hardop

gelag. Dit is egter swak maniere (jy mag nie vir ander se pogings lag nie, hulle probeer soms baie hard); dus was 'n derde reaksie, waarby ek volstaan om maar net medelydend my kop te skud.

Ek kan nie verstaan hoe mense so kan kerm oor identiteit nie - tensy jy natuurlik twyfel aan jou eie - en dan van alle dinge nog die Ontugwet ook daarby insleep nie.

Nou vra jy: Hoekom dan wet-te maak om ons bloed suiwer te hou? en dan sê met wetboek en knuppel wil hulle ons bloed wit hou, net die volgende: Hoekom die vraag aan mense vra? Het jy al daaraan gedink dat God vir jou 'n antwoord het?

In Josua 23:6-7 staan daar: "Maar julle moet daar baie vas by staan om sorgvuldig te doen alles wat

geskrywe staan in die wetboek van Moses, dat julle daar nie regs of links van sal afwyk nie; dat julle met hierdie nasies ... nie mag meng nie. (Dis in die Ou Testament, indien jy dit wil naslaan). Daar was daardie tyd al 'n ontugwet en 'n wet op gemengde huwelike - die Bybel gebruik selfs jou woord Estelle, nl. Wetboek.

God het 'n skeidslyn gemaak selfs tussen Blank en Blank. Dan is hier mense, Afrikaners (miskien met 'n klein letter) wat die skeidslyn tussen blank en swart wil weglê! Dink jy God het jou vel blank gemaak sodat jy self maar jou nageslag kan gaan inkleur? Dan moet jy ook nie vergeet dat dit nie net Afrikaners is wat die gras anderkant die draad groener vind nie. Hier woon Engelse (nogal baie), Franse, Duitsers en ook - miskien het jy al van hulle raakgeloop, so nie sal ek jou met graagte van hulle voorstel - nêrens anders as hier op die Puk nie.

Ek is 'n Afrikaner en ek is trots daarop - daarom dra ek nie Nusas T-hempies nie - ek het 'n identiteit van my eie.

Dit het ek te danke aan my

voorouers wat met God se hulp en genade daarvoor geoffer het. Ek is trots daarop dat hier 'n owerheid is wat na God se Woord luister om my mense se belange te beskerm - selfs die kleur van hulle bloed. Hierdie wet beskerm almal se bloed, die skepping van God - selfs die Oosthuizens s'n.

Die wat so graag God se skepping wil skend word ten minste verhoed deur die straf wat die wet daarstel. Om te wil sê dat ons ons identiteit deur trots en waardes kan handhaaf is snert. Europa het ook so gesê: vandag is daar chaos. As jy graag in chaos wil lewe, gaan Europa toe, ons wil nie jou geluk bederf nie. As die Westerse lande die ideale plek van melk en heuning is, moenie dat iets jou verhoed nie; los net ons eie identiteit uit en gaan werk jou heil daar uit. Alhoewel die swartes minder arbeidsvoorkeure het as die Blankes en sukkel om 'n huis in stede, tussen Blankes, te kry (hulle stink glo 'n bietjie), is daar tog immers geen sprake van rassisme nie.

DOGMATIX

Smaakloos is geldloos

Geagte Redakteur,

Ek verwys na die brief "MANS IS SONDER SMAAK" van Mej. Cheeky in Die Wapad van 11 Mei.

Dit kom my voor of u gaan sit het en mettertyd "witty" goed uitgedink het sonder om iets te sê wat werklik die moeite werd is.

Wat my so roerend hartseer maak, is die veralgemening wat u bedryf. U praat van "'n ongeërgde laksheid wat by die mans-studente ingetree het." Kan u werklik so blatant almal oor dieselfde kam skeer?

U praat van "armoede". Dit is 'n wesenlike probleem; wat my betref in elk geval. Wees u dan nou so oulik en gee vir die oom geld om te gaan kiere koop en hy sal vir u wys wat is goeie smaak.

En dan ten tragiese slotte. U vra of die dames nie elk net een heer wil rehabiliteer nie. Wel, ek hoop net dat ek nie deur u gerehabiliteer hoef te word nie. Want dan sien ek vir myself 'n donker toekoms.

C.F. Schoeman

(Brief effens gewysig en verkort - Red.)

ASB NIE MEER NAPRATERS

Geagte Redakteur

In antwoord op "Spotprent ontlok reaksie" Die Wapad 23 Maart 1979:

Die heer Interrogative het iets teen handeskud.

My mede PUK, dis nou seker die een aksie van persoonlike kontak wat niemand nog ooit enige skade gedoen het nie; intendeel verkies ek nogal 'n versigtige handeskud en laat ons mekaar se standpunte aanhoor, bo 'n vuis uit die duisternis wat 'n mens stilsaan voor jy jou sê kon sê.

Met die NUSAS-uitlatings tien jaar gelede wat die Afrikaners as rassiste bestempel het, stem ek heelhartig saam. In 1969 kon die Afrikaner en sy skoot-hondjie van destyds, die ASB, glad nie as oop, vatbaar vir oortuiging en krities denkend ten opsigte van die Suid-Afrikaanse politiek beskryf word nie. 'n Spul regeringsnaperaters soos min, dié was hulle wel.

Na my mening is dit dus 'n pluimpie vir die ASB dat ons en ons Engelse studente mekaar se hande wil skud. "Dieselfde houding as NUSAS" kan die ASB egter nooit hê nie. Miskien is ons dalk oor vyf jaar waar hulle vandag is; maar hulle sal ons maar steeds 'n trappie of wat voor bly. Juis hierin lê die balans van Suid-Afrikaanse studente politiek: dat ons oor die trappies wat ons skei, steeds mekaar se hand sal probeer skud.

Betreffende die gelykwaardigheid van die swartman is dit tog alombekend dat alle mense: geel, rooi, wit, bruin en swart, gelykwaardig is. Almal het die reg om

menswaardig behandel te word, en voor God bestaan daar gelukkig nie diskriminasie op grond van ras en kleur wanneer Hy ons sy genade skenk nie.

Waar kom die heer Interrogative dus aan die reg om die swartman as ongelykwaardig aan homself te beskou? Die pyl word na ons as 'Afrikaners' geskiet as hy praat van die "linkse agitators met hul propaganda" wat die swartman bewus maak van sy gelykwaardigheid, want dan is dit tog 'n logiese afleiding dat dit ons fout is dat die swartman en die buitewêreld hom in die spieël van ons meerderwaardigheid, minderwaardig gevoel het. Sou dit nie miskien soveel beter geweens het as ons 'Afrikaners' deur naasteliefde en

'n meer regverdige bedeling lankal aan die swartman bewys het dat hy ten minste aan ons gelykwaardig is nie?

Vervolgens is ek seker dat dit vir die skrywer van die ASB-studiestuk oor rassisme 'n groot kompliment is dat sy styl die heer Interrogative aan dié van Alan Paton herinner. Mag ek my hier aan die heer Interrogative se kant skaar en ook my komplimente aan mnr. Odendaal oordra vir sy puik tegniek en die skryfstyl waarin hierdie euwel so raak en sonder skroom aan die kaak gestel is. Toekomende geslagte Pukke sal inderdaad met trots na hulle universiteit kan verwys as ons 'n skrywer van die formaat van mnr. Paton kan oplewer, of hoe?

Estelle Oosthuizen

Prioriteite regstel

Die Redakteur,

Dit is tyd dat ons prioriteite in en om RSA regkry:

- Afdank van alle politici in wie se integriteit (en eerlikheid) enigsins getwyfel word.
- Onmiddellike uitbreiding van Suidwes se visvanggrense en RSA militêre beskerming daarvoor.

- Drastiese wegbreek van die vreesaanjaende militarisme wie se ekonomieswurgende uitbreidings-tempo op aanvalsgemotiveerdheid dui (en die veragte drie jaar diensplig vanaf 1980).
- Aanstelling van 'n afbakingskommissie wat RSA-

kieswyke sê sal opdeel sodat die Fascisme ons nie meer bedreig nie.

- Uitbreiding van ons onderwys-hulp deur middel van wit onderwysers na die swart onderwysstelsel (ons onderwys-surplus vul hulle tekort aan).
- Deurvoering van die "gesonde ekonomie lê grondslag vir politiese stabiliteit" beleid, want die ekonomie is in 'n pulk toestand.

Sekierlik kan hierdie maat-reëls volgordelik wissel, die feit bly staan dat dit drastiese noodsaaklik is, en steeds geïgnoreer word deur die wat oor ons moet maak.

M.B. Pretorius

Beampes doen net plig

Die Redakteur,

Na aanleiding van die spotprent oor sekuriteitswagte wil dit nie vir my rym nie met die artikel net bokant die spotprent van: "Bou Bande met Tswanas" asook die voorbladartikel en foto oor die besoek aan Bophuthatswana deur Studenteraadslede.

Sou u dink dis heeltemal geregverdig om die spot te dryf met swart beampes wat slegs hulle plig moet uitvoer! Ek vra maar net!

REDAKSIE

REDAKTEUR: Jan Kroeze, Klooster, Tel. 3468, 22246, 22151
ASSISTENT-REDAKTEUR: Thomas Kruger, Klooster, Tel. 3468, 22246, 22151.
NUUSREDAKTRISE: Mariette van der Walt, De Wetstraat 5, Tel. 5492
Assistent-Nuusredakteur: Jeanne Fourie, Zeederbergstraat 10, Grimbeekpark, Tel. 6415
Assistent-Nuusredakteur: Peet van den Berg, Esselenstraat 65, Tel. 5562 (net tot 21h30)
NUUSVERSLAGGEWERS: Mari Swanepoel; Dirk van Heerden
NUUSBLADVERSORGSTER: Diana Meijerink
INTERUNIVERSITÊRE REDAKTRISE: Estelle Oosthuizen, Vergeet-my-Nie, Tel. 5211/2
ASPU-Verteenwoordigster: Hermien Allen
INTERUNIVERSITÊRE BLADVERSORGSTER: Herma Meijerink
RAADSREDAKTEUR: Izak Minnaar, Caput, Tel. 22371, 3375/6.
Assistent-Raadsredakteur: Gerard Tromp, Over de Voor, Tel. 8808/8809 en 22342
RAADSVERSLAGGEWERS: Hennie van Wyk (Sportraad); H. Kriel (me.); S.T. Potgieter, Tjaart Lemmer.
RAADSBLADVERSORGER: Mauritz van Wyk
DIEPTEARTIKELSREDAKTRISE: Marianné Slot, Tomstraat 26, Tel. 23429
Assistent-Diepteartikelsredakteur: Christa Jansen van Rensburg, Goedehoopstraat 8, Tel. 7388
DAMESBLADREDAKTRISE: Anna-Marie le Roux, Karlien, Tel. 3214/5/6
DAMESBLADVERSLAGGEWERS: Mariette Faul; H. Verbeek; Lola Malan; Letitia Greyling; Janita van der Walt
KOSHUISREDAKTRISE: Diana Roestorf, Vergeet-my-nie, Tel. 5211/2.
Assistent-Koshuisredakteur: Christelle Rautenbach, Winkenbergstraat 25, Bailliepark.
KOSHUISVERTEENWOORDIGERS: Karlien; Melinda Swanepoel; Kasteel; Estelle Jonkheid; Klaverhof; Mari Swanepoel; Kulu; Annette Giesel; Vergeet-my-Nie; Mariaka Spoor-maker; Wag-'n-Bietjie; Rina Heyneke; Makoviel; Deon Marais; Thaba J&B; Piet van Zittert; Uitspan; Pieter Blomerus; Klooster; André Howard; Oosterhof; Wilma Eloff; Oppikant; Paul Prinsloo, Louw van Biljon, Tel. 5895.
KOSHUISBLADVERSORGSTER: Alta Diedericks
KUNSLADREDAKTEUR: André Howard, Klooster, Tel. 3468, 22246, 22151.
Assistent-Kunsladredakteur: Johan Myburg, Reitzstraat 19, Tel. 6668
KUNSLADVERSLAGGEWERS: Emma Robberse
KUNSLADVERSORGSTER: Anna Pretorius
SPORTREDAKTRISE: Rolene Koch, Vergeet-my-Nie, Tel. 5211/2
Assistent Sportredakteur: Apie de Beer, Klooster, Tel. 3468
SPORTVERSLAGGEWER: Donnie Reitz; Anterie Claassen
SPORTBLADVERSORGER: Petro Nieuwenhuis
VAALDRIEHOEKREDAKTEUR: Kees Pretorius, 43915, Algera van Dyk 336 4356, Leon Botha, 33 7232 (Vanderbijl)
FOTOREDAKTEUR: Jaco Pretorius
Hooffotograaf: Frik Schoeman, Susannastraat 23, Tel. 21017
FOTOGRAWE: Paul Prinsloo, Klinkenbergstraat 27, Tel. 5896. Thys Hart, Cachet-Koshuis, Hoërskool Gimnasium, Tel. 6256; P.J. Steyn, Van Riebeecklaan 109
TEGENSEREDAKTRISE: Renée Purén, Wag-'n-Bietjie, Tel. 4277/8
VERSPREIDINGSREDAKTEUR: Louis van der Linde, Klooster, Tel. 2468, 22151, 22246
Assistent-Verspreidingsredakteur: John Bruin, Klooster, Tel. 3468, 22151, 22246
VERSPREIDERS: Anna Swart; Frikkie de Britz; Kees Kraten; Kobus Stander; Alwyn Viljoen
OPLEIDINGSREDAKTEUR: Henning van Aswegen, Hombree (Gang 3 Kamer 64) Tel. 7996
SEKRETARESSE: Mariette Eloff, Huisvaderswoning, Tel. 3952
PENNINGMEESTER: De Wet du Plessis, Tomstraat 33, Tel. 7094
SSR-LID VIR WAPAD: Anne-Marie Jacobs, Wag-'n-Bietjie, Tel. 4277/8
SPOTPRENTTEKENAAR: Mynderd Voeloo, Caput, Tel. 22371, 3375; 3376
REKLAMEBESTUURDER: Jacques Pienaar, Klooster, Tel. 3468, 22246, 22151
ADVERTENSIEWERWER: Peter van Niekerk; Klooster, 3468

Spektrum 1979



Romeense Violiste besoek Konservatorium

Silvia Marcovici, die Romeense violiste, is die volgende kunstenaar wat in die Meesterkonsertereeks in die Konservatorium optree. Die konsert word deur die Oude Meester Stigting geborg.

Hierdie aantreklike en talentvolle violiste word deur Ruth Mense begelei. Albei kunstenaars het 'n imponerende lys prestasies. Marco-

vici het al by verskeie geleenthede opgetree met die New York Filharmoniese- en al die Londonse orkeste. Sy het konsertoptredes dwarsdeur Europa gehad. Ruth Mense het al soliste soos Isaac Stern, Leonard Rose en Henryk Szering begelei.

Die konsert vind op Maandag 28 Mei om 20h00 in die Konservatoriumsaal plaas.

Wesvalia Boekhandel

Tomstraat 84

Tel. 6660

Verskaffers van
opvoedkundige boeke
en skryfbenodigdhede.



CERTAIN T SHIRTS

HIGH QUALITY SILKSCREEN
PRINTERS

4 Grobler Street, Potchindustria
Tel. 23863

Turkstra
BAKKERY

SMAAKLIKE VLEISPASTEIE
BY DIE PUK-PIKI

Uitslag van Poësie- kompetisie

Die inskrywingsdatum vir inskrywings vir Die Wapad-poësiekompetisie is reeds verby en die gedigte is op die oomblik by die beoordelaars: dr. Elsabé Steenberg, prof. T.T. Cloete en mnr. Jan Swanepoel.

Die uitslag van die poësiekompetisie sal in Die Wapad van 22 Junie bekendgemaak word.

Die prysuitdeling sal later vanjaar tydens Die Wapad se afsluitingsfunksie plaasvind.

Hierby verskyn twee van die gedigte wat vir die kompetisie ingeskryf is.

AANWYSINGS:

Skud bottel deeglik
neem twee matevol
drie maal per dag
of soos nodig

Jy het my geskud
maar vergeet om te neem
van my
drie maal per dag

of is dit soos nodig...

Natasha

dépê'che (1975)

ek dink aan jou
soos 'n vuil klein hondjie
op die veldgraf van sy nê
en hulle't hom gevang
vir drie dae gehou
en geskiet (sy soort raak te veel)

en sy't nie eers geweet nie
haar hart is (reeds) koud
en hy sal nooit weer voel nie

D.J. Etienne

PU-LEKTOR LEWER KONSERT IN JOHANNESBURG

EDWARD DAVEY, lektor in orrel aan die Konservatorium, het op Sondag, 13 Mei in die reeks Promenade konserte saam met die SAUK-simfonie orkes in Johannesburg opgetree. By dié geleentheid is Joseph Rheinberger (1839-1901) se orrelkonsert in G-mineur uitgevoer. Hierdie werk het sterk romantiese kenmerke en is liries, sowel as ritmies lewendig. Dit is in werklikheid een van die min orrelkonserte wat enigsins kan meeding met die klavierkonsertrepertorium.

Die dirigent by dié geleentheid was Werner Andreas Albert.



Edward Davey, die orrelis wat Sondag 13 Mei in die Stadsaal van Johannesburg opgetree het.

WEES VROLIK SAAM MET EERSTEJAARS

Die volgende aanbieding van die Departement Spraakleer en Drama belooft om vrolike vermaak vir oud en jonk te verskaf. Die naam klink alreeds interessant. "Kom rinkink saam met Melt Brink!"

Dit word onder leiding van Peet van Rensburg, Liesbet Schoeman en Roeloff van den Bergh met die tiental eerstejaarsstudente van Toneelkunde aangebied. Melt

Brink se werke is uit die Afrikaanse afdeling van die biblioteek gehaal, die stof is afgeblaas en al die "grappige stories" is deurgelees. 'n Interessante versameling is byeengebring en gehore gaan onder andere hoor van "Die dom vryer" en "Grietjie Kortneus". Hulle kan kyk hoe 'n Tandedokter in die laaste deel van die 19e eeu sy pasiënte behandel het, hoe 'n vryer sy nooi benader het, hoe 'n lelike nooi haar probleme opgelos het.

Dit belooft om 'n heerlike aand van ligte vermaak te wees as hierdie kosbare kultuurgoed van ons Taal op die verhoog gestalte kry. As dit dan nog tien vrolike jongmense is wat die gehoor op sleeptou neem, kan dit nie anders as genotvol wees nie.

"Kom rinkink saam met Melt Brink" onder leiding van Peet, Liesbet en Roeloff. PU Kamertoneel 16-22 Mei 1979.

REGSTELLING

Die resensie wat verlede week in Die Wapad verskyn het oor die Lensgedigte, is geskryf deur prof. J. van der Elst. Die naam van die resensent is per abuis verlede week uitgelaat.



Amy Oosthuizen, 'n eerstejaar in die Departement Spraakleer en Drama wat die rol van die moeder speel in DEBUUT '79 wat vanaf 16 tot 22 Mei aangebied word.

THALIA TOER IN WINTER

Die Julievakansie Thalia-toer is sinoniem. Thalia toer vanjaar vanaf die 29 Junie tot 19 Julie deur Noordwes-Kaap.

Die stuk wat vanjaar opgevoer word is Oorskotjie. Die regie is waargeneem deur Peet van Rensburg. Dit is 'n ou Italiaanse stuk, 'n tipe van 'n dramatiese-komedie. Gedurende die dertigerjare het Wena Naudé haar naam met haar optrede in die stuk gemaak. Die stuk word dan

ook vanjaar aan haar opgedra.

Die repetisies vlot goed en dit belooft om 'n nog groter sukses te wees as laasjaar se "Tien Klonkies".

Thalia bied ook die jaar 'n kompetisie aan. Dit is die Wen-'n-Wynkompetisie. Die kompetisie word deur Drostdy-Hof geborg en is in die vorm van 'n "monkey-puzzle". Thalia-lede sal vorms in die koshuise versprei en daar sal ook vorms beskikbaar wees by die penningmeesterskantoor.

DIE VISUELE KUNSTE VAN DIE MIDDELEEEUE

Op Maandagaand 25 April, het die Wes-Transvaalse Kunsvereniging 'n vergadering gehou.

Die vereniging het mnr. A. Kuipers, 'n dosent in Kuns-geskiedenis aan die departement Kunsgeskiedenis by die Potchefstroomse Universiteit, gevra om 'n lesing te hou. Die onderwerp van die lesing was: Die visuele kunste van die Middeleeue. Hy het sy lesing toegelig met skyfies wat veral klem gelê het op argitektuur en dan veral ook die religieuse argitektuur.

Die lesing was 'n sukses en daar word beplan om in die vervolg nog sulke lesings te reël.

... SÊ 'LO

EENKEER wen en die ander keer verloor. Sal ons hoop die derde maal is skeepsreg vir die Pukke? Diskriminasie teen die vrou was nog altyd 'n bitter pil om te sluk - prof. Van der Vyver het meer hieroor te sê. Die belasting wat

vele van ons dames eersdaag moet afstaan, laat dikwels 'n suur gesig ontstaan. Die Karnavalkomitee is besig om die Karnavaldebutantes van stapel te stuur. Vir die asters wat belangstel is daar baie aantreklike pryse.

Daar is seker heelwat dames wat volgende jaar met die IRP-vorm gaan kennis maak. Hierdie kennismaking sal seker nie sonder tandegekners en hoofpyn wees nie.

Belasting is die betaling deur 'n belastingpligtige op 'n vasgestelde berekende bedrag op sy of haar belasbare inkomste aan die ontvanger van inkomste. Inkomste kan in die vorm van kontant(geld) wees of enige ander vorm wat geldwaarde

besit. Reeds in die Bybelse tyd is belasting teenwoordig; "Betaal aan die keiser wat hom toekom."

Alle individue (insluitende die vrou), maatskappye, boedels, trusts, klubs en verenigings wat inkomste in Suid-Afrika verkry, is belasbaar. Indien 'n persoon of enige van die bogenoemde 'n inkomste van minder as R1000 per jaar verdien, betaal sy gewoonlik geen belasting nie, as gevolg van

kortings en aftrekkings wat toegelaat word.

Belasting is in Suid-Afrika ingestel deur die plaaslike regering wat oor die bevoegdhede beskik om die belastingstelsel te verander om sodoende stabiliteit in die ekonomie te probeer verkry. Dit geskied in samewerking met al die ander omvattende faktore.

Die belasting wat betaal word, word deur die regering aangewend om infrastrukture (vervoer- en kommunikasiesistels) te verbeter, handel en verdediging.

Enige persoon (man of vrou) is belastingpligtig sodra hy/sy inkomste ontvang. Belasting word betaal aan die einde van 'n belastingjaar, met ander woorde jaarliks. 'n Belastingjaar strek vanaf 1 Maart tot die laaste dag van Februarie die 'direk' volgende jaar. Individue betaal gewoonlik belasting volgens die "Lopende betaalstelsel" (L.B.S.) dit wil sê maandeliks in plaas van een groot bedrag aan die einde van die belastingjaar. Hierdie bedrag word dan maandeliks van die salaris afgetrek om sodoende die skielike groot finansiële las te verminder.

Die ongetroude meisie is net so onderhewig aan belasting as die ongetroude man. Alle ongetroudes is net soos getroudes geregtig op primêre en sekondêre kortings, alhoewel die bedrae minder is vir die ongetroudes.

Die getroude dame is nie die belastingpligtige nie, haar eggenoot is die oorkoepelende belastingpligtige. Die getroude dame se inkomste word dus geag die inkomste van die man te wees en hy betaal belasting op die totale inkomste. Indien getroudes kinders het, is die belasting-skaal vir hulle laer as vir ongetroudes. Wanneer daar egter nie kinders in die huwelik is nie, kan die getroudes geen voordeel trek nie. Hoe meer kinders daar in die huwelik is, hoe groter is die kor-

ting wat toegestaan word. Dit wil dus voorkom of dit werklik voordelig kan wees om baie kinders te hê; ten spyte van die hoë onkoste.

Getroude persone kan egter aansoek doen om afsonderlik belas te word, die uitwerking bly dan dieselfde. Aparte belasting is dus gelyk aan totale belasting. Proporsioneel word die leningsheffing gewoonlik toegedeel volgens elke party se belasbare bedrag.

Belastingvorme is verkrygbaar vanaf die naaste kantoor van die Ontvanger van Inkomste. Wanneer 'n persoon by 'n sekere instansie of firma in diens tree, stuur die betrokke werkgewer die naam van so 'n persoon aan die Ontvanger van Inkomste om sodoende as belastingpligtige te registreer. Die belastingpligtige vul self die vorms in of dit kan deur professionele persone ingevul word teen vergoeding. Die vorms word dan weer na voltooiing na die betrokke kantoor terug gestuur.

'n Ongetroude persoon wat 'n belasbare inkomste van R5 000 het, sal R673 belasting betaal. 'n Getroude persoon met een kind en 'n belasbare inkomste van R5 000 sal R387 belasting betaal. Indien hierdie persoon twee kinders het met dieselfde inkomste sal die belasting R324 wees.

VROU
Fyn instrument is jy wat meesters speel in die wêreldsimfonie

Katalisator wat die room van die lewe botter maak en soms ook galsterig

Net jy kan die dag laat breek en ook die aand laat skemer in een asemteug

Skyn in my sodat my plasma kan roer om uit jou te voed en my lewe nog groener word sodat ons in die koelte ontmoet om een te word
JOHAN WESSELS

DISKRIMINASIE TEEN VROU MOONTLIK AFGESKAF

- Prof. J.D. van der Vyver, Universiteit van die Witwatersrand -

Die Wiehahn- en Riekerkommissies se onderskeie verslae hou die belofte van die afskaffing van diskriminasie op die gebied van georganiseerde arbeid in. Dit het veral betrekking op diskriminasie op grond van geslag.

Die vrou sal, na mate die idee van gelyke besoldiging vir dieselfde soort werk beslag kry, ook seker baat vind by dié ontwikkeling. Wat die tendens van wegbeweeg van diskriminasie betref, staan sy tóg nog agter in die tou.

Op arbeidsgebied word daar nog in verskeie opsigte teen die vrou gediskrimineer. Dit is gebruikelik in Suid-Afrika om vroue wat dieselfde soort werk as mans doen, minder daarvoor te betaal - 'n gebruik wat ook op vroulike werknemers van die PU

vir CHO van toepassing is. Vroulike werknemers aan universiteite (nie net die PU nie) trek aan die kortste end wat pensioenvoordele en behuisingssubsidie betref.

Daar word voorts teen vroue in die algemene gediskrimineer deurdat hulle nie ondergronds in 'n myn, of nagskof by 'n myn mag werk nie. Vroue mag ook nie professionele bokkers of stoelers word nie. 'n Vrou wat onder die maritale mag van haar man staan, mag alleen met sy toestemming as openbare koopvrou (career woman) optree. Nog 'n hartseer saak is dat hulle moet toekyk hoe geld wat oortollig vir belasting van hul salarisse afgetrek is, aan hul eggenotes uitbetaal word.

Daar is egter strominge vir verandering aan die woel. Die artikel in die Staatsdienswet wat bepaal het dat 'n vroulike staatsampenaar, buiten in enkele uitsonderingsgevalle, outomaties haar werk verloor as sy in die huwelik tree, is in 1977 afgeskaf. 'n Wonderbaarlike besluit wat die Raad van die PU vir CHO in 1978 geneem het en wat bepaal dat vroulike werknemers van die Universiteit wat swanger raak (eweneens behoudens enkele vergunnings wat gemaak kon word) hul werk verloor, is ook na 'n paar maande om vanselfsprekende redes weer herroep.

Die vrou wat haar op arbeidsgebied begeef, word darem ook in enkele opsigte bevoordeel as haar posisie met dié van die man vergelyk word. Slegs vroulike werknemers is geregtig op kraamvoordele en vir vroue wat in winkels en kantore werk, moet sitplek (en periodieke geleentheid om te mag sit) voorsien word. Nog 'n hartseer voorbeeld is dat manlike belasting op vroulike se inkomste moet betaal.


Antieke oorblyfsels van vervloë vooroordele aangaande die vrou se status het nog in die gemoedere van baie Suid-Afrikaners behoue gebly. Daar sal seker nog baie water in die see moet loop voordat die idee dat vroue alleen maar geroepe is om kinders te kry en skottelgoed te was en hulle hul op arbeidsgebied slegs tot die beroep van verpleegster en tikster moet beperk, finaal die nek ingeslaan sal word.

N.S.

MET 'N beker dik groentesop en 'n rooi neus sê ons tot siens. En vir die yweriges wat stadig die eksamenboeke nader trek - Sterkte! Poplap

MEER KOSHUISKOS

In Die Wapad van 11 Mei luit die berig Koshuisplanne vir die toekoms. "... daar sal ook toege sien word dat kos minder en aantrekliker opgedien word." Daar sal egter meer kos wees. Die Wapad maak verskoning vir dié glips.



Die PU judospan het tydens die intervarsity slegs met twee punte teen RAU se drie verloor.
(Foto: Thys Hart)



RAU 'n stoklenge agter die PU.

(Foto: Jaco Pretorius)



RAU probeer tevergeefs 'n doel keer.

(Foto: Jaco Pretorius)

Wapadjies

Bel Jacques by 3468 (Klooster) en laat 'n boodskap.

KIES & KEUR:

Lyk jou kamer soos Vaalwater? Kry 'n poster by Kies & Kaur! Val jou knope af, nate trek los? Naaldwerkbenodigdhede galore by Kies & Keur! Behalwe materiaal, hoede, kunsblomme en mandjies, het ons nog stapels en stapels ander goed. Vat 'n dag af en kom snuffel rond by: Kies & Keur, Tomstraat 98.

BLY RY EN RY BLY:

Nigrini Battery is die naam as jy jou motor wegspringgereed wil hou - sonder sweet, sonder bloeddruk en teen 40% korting, spesiaal vir PU-studente lag jy heelpad bank toe op sakgeld-dag. Storm sommer nou na Lombardstraat 27 vir jou battery. Tel. 7805.

HOOR EN SIEN VERGAAN?:

Radio- en TV-dienste het 'n wye reeks batterye vir rekenaars, horlosies, radio's of wat ook al. Ons kitsrekenaars en Aiwa stereo audioversterkers vir motorradio's is ons trots - die beste op Potch, Lombardstraat 42.

BLOMME, BLOMME, BLOMME:

Ruikers, groot en klein, lieflike vars snyblomme en potplante wat jou jarelank geluk sal gee, is altyd te kry by FLEURETTE BLOEMISTE. Ons het ook ingevoerde syblomme wat so mooi is dat jy nie kan ophou kyk daarna nie. Maak gerus gebruik van ons KBA diens. Dit kos niks ekstra nie. FLEURETTE BLOEMISTE, Kerkstraat 83, Tel. 4062.

STAAK DIE GEKEKKEL:

Sê dit liever met blomme. Blomme betuig liefde, inspireer, troos, sê dankie. Al wat jy moet doen, is om jou gesig by die geleentheid te laat pas. HUIS EN TUIN het die blomme, kom soek jou sêgoed by ons. Tomstraat, Potch.

TROUKAARTJIES:

Ons het, letterlik, eenduisend-voorbeelde van troukaartjies en bybehore vir daardie mooiste dag in u lewe. Ons nooi u om gerus ons katalogus te kom deurkyk, sodat u die heel beste keuse kan maak. Ons verseker u van persoonlike aandag en sal graag u vrae beantwoord. Skakel enige tyd! Tel. 7960.

RIETSKRAAL


Verslank met Shape teen slegs R3,00 per blik by die Bult Apteek beskikbaar. Tomstraat 88. Tel. 5943.

JEANS DENIM DEN

Vir mans en dames die grootste verskeidenheid denimjeans, kakeikie, en Lee's koortfluewelskeppings in Potch teen die billike pryse. As ons iets nie het nie, sal ons dit vir u kry, want vriendelike diens is ons leuse. Besoek ons by winkel no. 4. JAYS UITRUSTERS. Tel. 8791. Indiersentrum.

POSTERS WORD BESKERM

Beskerm u "posters" deur hulle te laat bloot. Ek doen dit teen R5 elk. Kontak Theunis by Presidentstraat 53 of Tel. 4877 op woensdae.



VERERG EK MYSELF
SATERDAG BLOEDIG
VIR 'N RAUTJIE...



...KEREITJIE MEEN DAT
OP PUK JY TWEE GOED
NIE KAN DOEN NIE...



...DANS EN
RUGBY SPEEL...

PU-kanospan wys weereens hul slag

Die Puk se eerste mans en dame kanovaartspan het Saterdag weereens hul staal getoon en RAU op hul neuse laat kyk deur die gunsteling kof te draf tydens die jaarlikse intervarsity tussen RAU, Tuks en PU, Wits en Stellenbosch.

Die Pukke het die RAU-span met 28-26 geklop en op die totale uittog van al die universiteite tweede geëindig met een punt agter Tuks. Die Pukke was egter ongelukkig om nie as algehele weners aangewys te word nie, as gevolg van swak reëlins by die eindpunt.

Die hoofrede van die geslaagde intervarsity was beslis die PU-Kano-kampioenskappe waar tydens die gees doodgeloop het. Na onstuimige weer Saterdag, 5 Mei is die kampioenskappe op 7 en 9 Mei gehou.

Uitslae: 500 mans kl: 1ste T. Wiehahn, 2de T. Coetzer, 3de L. Ackerman. 1000 mans kl: 1ste T. Coetzer, 2de T. Wiehahn, 3de L. Ackermann. 10 000 mans kl: 1ste T Coetzer, 2de T Wiehahn, 3de D. Bos. 500 dames kl: 1ste

J v/d Walt, 2de E. Schutte, 3de L. van Morle. 2 000 dames kl: 1ste Elmarie Schutte, 2de Judy v/d Walt, 3de P. Schoeman.

T. Coetzer is aangewys as algehele wenner van die PU-Kampioenskappe.

Met die intervarsity het Frank Wiehahn 'n goeie vertoning gelewer en 'n groot aandeel in die Pukke se oorwinning gehad. Tenspyte van die ander spanne se Springbokke het die Pukke met vasberadenheid en baie diepte in hul span die een na die ander punt ingesamel. Die verrassingspakkie van die dag was PU se dame-span wat die ander Universiteite die loef afgesteek het deur die meeste punte in te samel. Hier het E. Schutte en Judy v/d Walt albei goeie vertonings gelewer om uiteindelik tweede en vierde te eindig uit sewentien inskrywings oor die 500 m dames K 1. Ook die 250m x 4 aflos vir dames is maklik deur die Pukke se dames gewen.

Die PU beskik oor heelwat talent en die Kowsies kan net moeilikheid verwag.

VLNR: Bertus Rinke, Koos Blomerus, Dawie Bos, Leon Ackermann en Frank Wiehahn spring weg tydens die PU kampioenskap se 1 000m gehou op 9 Mei.



KORT-SPORT

GEWIGOPEL:

Die PU-gewigoptelspan het Saterdag, 12 Mei met intervarsity die span van RAU oortuigend geklop. Die Pukke het met 1150 punte geseëvier teenoor die 822 punte van RAU. Die gewigoptelspan bestaan uit Koos Henning, Leon Labuschagne, Renier van Rensburg, Eugene du Plessis, ST Potgieter en Herman de Bruin.

AANDAG ALLE TRAPPERS!

Die PU-traparkklub het pas die nuwe trapkar, "Syvrou-let" gebou deur Piet-trappies van Team-vis, aangekoop. Met haar beoog ons om aan die SA-kampioenskappe met 'n PU-span deel te neem. As jy bereid is om jou pond vleis te bring, skakel met: Christo Scholtz Liberala Kamerno. 72 Oefentye sal Maandae en

Woensdae vanaf vyf tot ses wees. Kom Pukke, laat ons 'n duik uit die ander kampusse ry!

SKERM

Weereens doen ons 'n beroep op alle PU mans en dames om te kom skerm. Ons oefen op Maandae en Woensdae om 16h15 in die saal langs die muurbalklub.

VLUGBALMARATHON:

Die LO.Vereniging het 'n vlugbalmarathon gereël vir 18-19 Mei. Die marathon sal 14 uur duur. Verskeie spanne, saamgestel uit verskillende jaargroepe vir BA en HOD sal deelneem asook 'n personeelspan. Pote UOVS en UP(Tuks) is ook genooi om deel te neem. Vanaf 12 nm word daar braaivleis gehou. Toeskouers is baie welkom.

MUURBAL

Liga Wedstryde volgende week vind soos volg plaas: Woensdag 22 Mei, Eerste liga - Strathvaal B vs PU by Strathvaal bane. Tweede liga - Strathvaal vs PU by PU bane.

DAMES-KOSHUISHOKKIE:

Op Saterdag 19 Mei speel Wanda I teen Kulu I op die A veld. Vergeet-My-Nie I speel teen Klawerhof op die B veld. Heide I en Wag-'n-Bietjie I speel op die C veld, terwyl Karlien I teen Dinki I op die D veld sal speel. Alle wedstryde begin stiptelik om 08h30. In die tweede liga speel Wanda II teen Karlien II op die B veld. Kasteel I speel teen Wag-'n-Bietjie II op die C veld, terwyl Klawerhof II teen Oosterhof I op die A veld speel. Hierdie wedstryde begin om 09h30.

27-3 'N ONBETROUBARE WEERGAWE

Die oorwinning van 27-3 wat RAU Saterdag tydens die intervarsity behaal het, is definitief nie 'n getroue

PU O/20 se drie by die hoekvlag het 'n eindtelling van 10-9 aan die pukke besorg. (Foto: Jaco Pretorius).

weergawe van die wedstryd nie.

Die rustydteiling van 8-3 staaf bogenoemde feit. Tot met rustyd het die PU-span soos weners vertoon. Eers laat in die tweede helfte kon die RAU span met sy sewe provinsiale spelers 'n paar drieë druk. Die Pukke het

egter moedig teruggeveg tot op die laaste.

Die PU-span het deurgaans die skrumstryd gewen en in die lynstane het André Markgraaf soos 'n reus bokant die ander spelers uitgetroon. Die drie blitsige losvoorspelers van die PU, Casper Troskie, Deon Vos-

loo en Peter Conchar het die gedugte Transvaal-agterlyn goed gesmoor. Louwtjie van der Walt en Freddie Schutte het in die middelveld die Transvaal-senterpaar heeltemal geneutraliseer.

In 'n span wat so begeesterd gespeel het, is dit moeilik om uitblinkers uit te

sonder. Die feit dat hierdie span Saterdag slegs vir die tweede keer saamgespeel het, dui daarop dat dinge in die toekoms net beter en beter kan verloop.

Die afrigter van die PU-span, mnr. James Stoffberg, het op navraag gesê dat hy redelik tevrede voel met die

vertoning van die nuwelinge. "Met so 'n jong en begeesterde span kan PU-rugby binnekort weer bo aan die leer wees. Die Pukke moet ons net kans en ondersteuning gee."

Zillen Roos, reg om Deon Vosloo (No.6) te help. (Foto: Jaco Pretorius).

